Strongarm 'n wenner teen onkruid by soja- en grondbone, sê die boere

Strongarm, die selektiewe onkruiddoder van Dow AgroSciences, geregistreer vir gebruik op soja- en grondbone, het sy eerste seisoen se spuit op boere se landerye met vlieënde vaandels geslaag. Boere wat die middel gebruik het, het net lof vir Strongarm se deeglike werking om selfs van die hardnekkigste onkruid ontslae te raak.

Strongarm 840 WG (Reg. No. L 8667), geregistreer kragtens Wet No. 36 van 1947, is korrelvormig en waterdispergeerbaar. Dis aangedui vir vooropkomsbeheer in tenkmengsel met sekere grasdoders vir die beheer van eenjarige grasse, breëblaaronkruide en, onder sekere toestande, ook geeluintjies.

Lourens Bibbey van Frankfort in die Vrystaat, waarskynlik die boer wat die meeste soja in Suid-Afrika plant, sê dis genade dat 'n boer 'n produk soos Strongarm kan koop en gebruik. Hy het vanjaar 2 700 ha onder soja.

'ongarm is op al die lande gespuit met uitstekende onkruidbeheer. 'n Mens kon die verskil duidelik sien waar die spuit nie gespuit het nie," sê hy. "Waar reën kort ná spuit op sekere lande geval het, was dit nie nodig om die lande ook met glifosaat te spuit om laat ontkiemende onkruid te beheer nie."

Jan Schabort van Laeveld Agrochem het in Februarie 'n suksesvolle boeredag op die plaas van Lourens Bibbey gehou waar Johan Bothma van Dow AgroSciences 'n aanbieding oor Strongarm gedoen het. "Strongarm was verlede jaar die eerste keer in die mark en was 'n topverkoper. Dit bespaar koste omdat die boer minder glifosaat hoef te spuit en selfs glad nie, as toestande gunstig is. Waar Strongarm gebruik is, het dit doeltreffende onkruidbeheer bewys en ook moeilik beheerbare onkruid soos wandelende Jood, stokroos en selfs uintjies onder sekere toestande goed onderdruk," sê hy.

Japie Grobler van Karookom, Bothaville, oud-president van Agri SA, is net so tevrede

Johan Bothma van Dow AgroSciences se noordelike streek (links) saam met Lourens Bibbey in sy sojaland. Bibbey het vanjaar sowat 2 700 ha onder soja gehad en sê dis 'n genade as 'n boer 'n produk soos Strongarm kan gebruik. Op sommige lande was dit nie eens nodig om glifosaat te spuit nie, sê hy.

met Strongarm op sy grondbone. "Op ons groot blok is dit silwerskoon. Strongarm werk beslis," sê hy. Sy seun Philip is die man op die land. "Ons het alles met Strongarm gespuit. Dit werk uitstekend. 'n Mens sien die verskil duidelik waar die spuit gemis het of 'n baan oorgeslaan is. Waar nie gespuit is nie en later geskoffel moes word, vertoon die grondbone baie swakker as waar gespuit is."

"Strongarm is 'n wenproduk," sê Zakkie Steyn van Bothaville. Hy het 'n verwerkingsaanleg op sy plaas waar grondbone onder die handelsmerk, Peanut Bear, gegradeer en verpak word. Hy voer keurgraadgrondbone na die VSA uit. "Iemand sê anderdag hy wens hulle wil 'n Roundup-Ready-grondboon op die mark bring. Ek dink nie dis nodig nie – ons het dan Strongarm. Dit is nou die oplossing. Onkruidbeheer is net soveel beter. Wat dit merkwaardig maak, is dat dit so lank gewerk het nadat ons ontsettend baie reën gehad het. Ons het kort ná spuit reën gekry en dan werk die middel veral soos 'n bom.

"Waar dit nie gereën het nie, kom onkruid deur. Daaraan kan jy niks doen nie. Op een plaas het die spuit leeg geraak en deur die land gery. Daar kon ek sien hoe goed Strongarm op wilde lusern is. Selfs wandelende Jood, 'n moeilike onkruid om te bekamp, is ná ons groot reën in Desember nog uitstekend beheer. Waar nie gespuit is nie, was die grondbone toegegroei onder onkruid. Ons het ook gevind dat die beheer van uintjies, 'n halsstarrige onkruid, baie goed is."

Wim Nel van Palmietfontein, Bothaville, is net so tevrede met Strongarm. Sy grondboonlande was nog nooit so skoon van wilde lusern nie, sê hy. Een strook land is as kontrole nie gespuit nie en daar floreer die onkruid.

Chris Joubert en Danie du Plessis is twee verteenwoordigers van Laeveld Agrochem wat in Bothaville as agente vir Dow AgroSciences optree.

George Steyn van die plaas Humanskraal naby Ottosdal is 'n groot boer. Hy het Strongarm op aanbeveling van Tom Wiersma van Technichem Oesbeskerming gespuit. Sy pa, Boet Steyn, was aktief in die georganiseerde landbou betrokke en 'n baanbreker met deklaagbewerking in 1977/78. George doen nog steeds net tand- en stoppelbewerking. "Onkruidbeheer met Strongarm is baie goed. Ek het een keer gespuit en die

George Steyn, boer van Humanskraal, Ottosdal, Tommie Wiersma (Technichem) en Johan Bothma (Dow AgroSciences) in Steyn se onkruidvry sojaland.

lande is silwerskoon. Ek dink nie 'n mens kan meer sê soja is 'n pieperige gewas nie, mits lande onkruidvry is. Ons grootste vyand is wandelende Jood. Ander onkruiddoders maak dié onkruid nie dood nie, maar wel ander onkruid. Dan floreer die Jood want dis net hy en die gewas wat die vog en kunsmis gebruik," sê Steyn. "Strongarm is 'n wenproduk. Die boer wen by die oes," sê Theunis van der Westhuizen van Groenkraalfontein, Middelburg in Mpumalanga, 'n boer met baie ander ysters in die vuur en 'n kliënt van Louis Botha, verteenwoordiger van Nulandis in die Middelburg-gebied.

"Een van my groot probleme is wildestokroos (*Hibiscus cannabinus*) en daar is nie ander onkruiddoders wat stokroos by sojabone goed beheer nie. Ek het in die verlede baie probleme gehad met pap implementebande. As die stroper die stokroos se droë stingel aftrap, bly 'n kort stukkie stam in die grond geanker. Dit is sterk en skerp en steek deur 'n implement se buiteband met groot vertragings om pap wiele eers te herstel. "Beheer van stokroos met Strongarm is dus 'n bonus en dit word nie eens op die onkruiddoder se etiket aangedui nie. Daar is ander moeilike onkruid soos wandelende Jood en kankerroos oor op my lande, maar hulle is deeglik met Strongarm beheer as jy kyk na waar die spuit gemis het," sê hy.

Danie van Wyk van Wonderfontein, Middelburg, ook 'n kliënt van Louis Botha, se plaas lê neffens die N3 op pad Laeveld toe. Hy het 100 ha soja geplant en goeie onkruidbeheer met Strongarm saam met een bespuiting glifosaat gekry. Van die mooiste soja was op sy onkruidvrye lande te sien. "Dit was 'n moeilike jaar maar Strongarm het uitstekend gewerk. Dit bespaar ook op addisionele glifosaatbespuitings," sê hy. □